Rietstok – Uitgawe 63

**Oktober 2024**

# Lente



*Lente in Clanwilliam*



*Ramskop Natuurtuin*
*Clanwilliamdam*

## Inhoudsopgawe


- Dinge wat Oupa sê, mens van 'n hond kan leer
- Deur die Voorsitter se venster
- Dankbaarheid
- Nasionale Vergadering 2024
- 'n Veer uit my hoed
- Wat maak oom Kallie daar (Seniors)
- Elektrisiteit en veiligheid in jou woonwa
- Bami Goreng
- Tjaart (en kie) se sêgoed
- 2025 Saamtrekprogram


*Wat werd is om te sê is nie die eerste-beste nie, maar wat deurdink is. Ek wil stilbly omdat ek tyd moet hê om te wag, totdat my woord uit die verte kom, totdat ek dit hoor en kan sê. (Jorg Zink)*

## Rietvallei Bestuur


Voorsitter:
Pieter Viljoen 078 094-7436
rietvallei@sawa.org.za

Ondervoorsitter:
Frans Scholtz 082 576-3516

Penningmeester: Tjaart Klaasen
tjaartklaasen1@gmail.com

Sekretaris:
Dalena Marx 082 415-0976
rietvallei.sek@sawa.org.za

Seniorburgerverteenwoordiger:
Elmarie le Roux 083 551-9367

Streekkampkoördineerder:
Bertus Marx 061 581-2560

Redakteur:
Johan la Grange 063 132-8151
j_la_grange@hotmail.com

Addisionele lid:
Pieter le Roux 083-258-3613


## Dinge wat Oupa sê, 'n mens van jou hond kan leer

- Moet nooit die geleentheid laat verbygaan om in te spring vir 'n plesierrit as die motor iewers heen ry nie.
- As die mense vir wie jy lief is tuis kom, hardloop dadelik uit en groet hulle met al die vreugde waaroor jy beskik.
- Knip 'n uiltjie wanneer jy kan, en rek jou lekker uit voor jy opstaan.
- Eet met geesdrif en oorgawe.
- Moet nooit voorgee om iets te wees wat jy nie is nie.
- Moenie byt as 'n goeie grom genoeg is nie.
- As jy bly is, wys dit! Dans rond en wikkel jou hele lyf.
- As jy agterkom iemand het 'n slegte dag, bly tjoepstil en sit net die hele tyd suutjies en styf daar by hom of haar.

*"Daar is meer vreugde in*
*die swaai van my hond*
*se stert as op die gesigte*
*van baie Christene."*

BILLY GRAHAM

# Deur die Voorsitter se venster



Rietvallei vriende,

Hier van my mooi uitsig oor die Drie Rondawels met 'n mistigheid en sagte reën, skryf ek vir julle so 'n paar gedagtes neer.

Ons het sopas ons Nasionale Vergadering gehad en volgens aanduiding was dit 'n suksesvolle een gewees. Ons was bevoorreg om hierdie jaar twee trofeë te wen, danksy Magda Britz en haar skerp sin vir samestelling van artikels. Op hierdie noot, sommer 'n groot dankie aan Magda.

Een tema wat soos 'n goue draad deur al die streke binne Sawa getrek kon word, was die verhaal van afnemende lede getalle. Soos ons self dit ook kan sien in ons streek, sal daar werklik iets aan gedoen moet word.

Ons gebied Jakaranda speel al 'n paar maande met 'n gedagte om streke weer saam te voeg, om sodoende te verseker dat streke gesond bly en dat daar natuurlik voortdurend besture sal wees om aangeleenthede van belang te kan bestuur. Daar word nou juis gekyk na die moontlikheid om 'n "werkswinkel" te hou waar ons, as gebiedsbestuur, hierdie onderwerp kan deur trap en met sinvolle voorstelle vorendag sal kan kom.

Moet egter nie bevrees wees nie, aangesien ons bestuur sal verseker dat ons identiteit en dinamika wat oor jare gebou is, behoue sal bly.

Gelukwense ook aan Chris Pienaar met sy verkiesing tot Gebied Voorsitter vir 2024/2025.
Niël Goslett is herkies tot Nasionale Voorsitter vir dieselfde periode.

Ek het ook verneem dat dit beter gaan met Chris Delport, en sterkte word hom toegewens met die herstel.

Ons staan nou jaar einde se kant toe en natuurlik beteken dit weer 'n lekker kuier by Weaver's Roost. Hou gerus jul kalenders oop vir die naweek van 15 tot 17 November, want ons kamp en kuier mos gewoonlik soos konings daar.

Dankie aan bestuur 2024/2025 wat jul hande opgesteek het om steeds voor te loop. Ek waardeer julle almal opreg.

Groete!

Pieter



**Rietvallei Bestuur 2024 tot 2025**

Voor: Pieter le Roux, Elmarie le Roux, Dalena Marx, Pieter Viljoen, Johan la Grange
(Addisionele lid), (Seniorburger Verteenwoordiger), (Sekretaris), (Voorsitter), (Redakteur)
Agter: Tjaart Klaasen, Frans Scoltz, Bertus Marx
(Penningmeester), (Onder Voorsitter), (Streek Kampkoördineerder)

# Dankbaarheid

In Luk 17:11-19 lees on dat Jesus al 10 die melaatse mans genees, maar net 1 het omgedraai om vir Hom dankie te sê. Dit is baie moontlik om God se seën te ontvang en dan ondankbaar te wees. Dit was 9 van die melaatse mans se gesindheid. Deur om te draai het die dankbare melaatse erkenning aan die Here gegee vir wat Hy gedoen het. Hy het so erken dat sy gesondheid nie net 'n persoonlike saak is nie, maar dat God ten nouste daarby betrokke is.

1 Tess 5:18: '*Wees in alle omstandighede dankbaar,*
*want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag…*'

Iemand het eendag vir my gesê: 'Stel jou voor jy word môre oggend wakker met net die goed waarvoor jy vandag dankbaar was ….'
Lees dit weer!

Dit het my diep geraak. Ons het SOVEEL om voor dankbaar te wees, maar is ons ooit?
Daar is regtig SOO ongelooflik baie goed waarvoor ons kan dankbaar wees.
Goed wat ons as vanselfsprekend aanvaar.

Soms as iets vir 'n ruk van ons af weggeneem word, waardeer ons dit weer meer. Soos as jy jou duim seermaak en hy moet toegedraai word en nie gebruik word nie. Dan sukkel jy skielik om dinge te vat/op te tel. As daai duim weer reg is, is jy so dankbaar. Maar moet dinge eers weggeneem word, vir ons om dit te waardeer? Kan ons nie net besluit om bietjie die klein dingetjies te waardeer nie?

In 1 Tess 5:18 sê die Here duidelik ons moet dankbaar wees.
Dis 'n opdrag. Hy sê nie as jy lus is nie.

Dis so maklik om te kla. Dink maar net aan die beurtkrag of E-tol. 'n Mens hoor dikwels mense kla en elkeen se storie is bietjie erger. En as een begin kla, het almal 'n klagte om by te voeg. Ons maak mekaar sommer gou-gou negatief.

Maar as ons stop en dink is daar veel meer om voor dankbaar te wees. Ja, ons mag miskien vir 2 ure elke dag NIE krag hê nie, maar die ander tye kan ons darem ons kos koud hou en ligte aanskakel of die kos gaar kry. Dankie tog die krag is nie vir weke lank af nie … meeste van ons se kos in die vrieskaste sal dan al gevrot het…. Besef ons hoe bevoorreg ons is om vrieskaste vol kos te hê?

Kom ons skuif ons fokus van wat ons nie het nie, na wat ons wél het. Kom ons sien die klein dingetjies raak wat ons so maklik as van selfsprekend sien. Dit is immers God se opdrag in Sy Woord in 1 Tess 5:18 '*Wees in ALLE omstandighede dankbaar*' – nie net as dit goed gaan nie!

As dit swaar gaan of ons gaan deur moeilike tye, is dit nie so maklik om dankbaar te wees nie. Maar as ons kan begin fokus op die dinge waarvoor ons kan dankbaar wees, sal ons nie so fokus op die probleem nie. Dan voel ons gemoed

beter en die probleem lyk skielik kleiner. Ons sien dan skielik dinge in perspektief.

Fil 4: 6 sê: '*Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid or alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen.*'

Die moeilike tye is juis die tye waarin ons groei. In daardie tye moet ons onthou: God is in beheer en Hy laat ALLES ten goede meewerk, vir die wat Hom liefhet. Nie net party goed nie, **alles**! God beloof ook dat Hy nooit iets oor ons pad sal stuur wat ons en Hy saam nie kan hanteer nie. En God kan nie jok nie.
So, as God beloof dat Hy 'n goeie plan het met ons swaarkry en dat Hy ALTYD by ons is … is dit nie genoeg om voor dankbaar te wees nie?
So doen wat Fil 4:6 sê: Vra wat jy nodig het, maar dank God vir alles.

Soms as dit swaar gaan is dit regtig moeilik om iets te kry om voor dankbaar te wees ….

In sulke tye:

- Gaan besoek Horison sorgsentrum.
- Of gaan loop rond in die hospitaal se kankersaal.
- Of sluit jou klerekas vir 'n week toe en ervaar hoe dit voel om nie elke oggend iets te hê om aan te trek nie.
- Of bind jou hande agter jou rug vas vir 'n dag en ervaar die frustrasie om nie dinge net te kan optel nie, nie jouself te kan aantrek nie.
- Of bind jou oë toe en gaan probeer jou inkopies doen ….
- Daar is altyd, altyd, altyd iets om voor dankbaar te wees.

Ek wil afsluit met 'n storie:

Daar was eendag 'n baie ryk man wat sy seun op 'n uitstappie na die platteland geneem het met die uitsluitlike doel om hom te wys hoe arm mense leef.
Hulle het 'n paar dae en nagte op die plaas spandeer by mense wat as baie arm beskou sal word.
Oppad terug vra die pa vir sy seun: 'Hoe was die uitstappie?'
'Dit was wonderlik, pa.'
'Het jy gesien hoe arm mense leef?' vra die pa.
'O ja!' sê die seun.
'So, vertel my, wat het jy geleer op die uitstappie?' vra die pa.
Die seun antwoord:
'Ek het gesien dat ons een hond het, hulle het vier.'
'Ons het 'n swembad wat tot in die middel van die tuin strek en hulle het 'n rivier wat geen einde het nie.'
'Ons het ingevoerde lanterns in ons tuin en hulle het die sterre in die nag.'
'Ons patio gaan tot in die voortuin en hulle het die hele horison.'

'Ons het 'n klein stukkie erf om op te bly en hulle het velde verder as wat ons kan sien.'
'Ons koop ons kos, hulle groei hulle s'n.'
'Ons het mure om ons eiendom om ons te beskerm, hulle het vriende om hulle te beskerm.'
Die seun se pa was sprakeloos.
Toe voeg die seun by: 'Dankie pa, dat pa my gewys het hoe arm ons is.'

Kom ons wees dankbaar vir die groot **en** die die klein dingetjies in ons lewens. Kom ons erken dat God in beheer is en Hy alles voorsien – nie dat ons dit eers verdien nie!

Kom ons aanvaar niks as vanselfsprekend nie en sien God se hand in alles – dit sal ons 'n positiewe ingesteldheid gee en ons vul met vreugde.

*Magdaleen*

## Nasionale Vergadering 2024

Hierdie jaar het SAWA Nasionale Vergadering gehou op 12 Oktober 2024, by Tava Lingwe, 'n oord tussen Parys en Viljoenskroon. Die amptelike terugvoer van die Nasionale Voorsitter is reeds versprei en wat julle behoort te weet is daarin vervat, soos dat ledegeld verhoog is na R550 per jaar en dat die Nasionale Vergadering van 2026 virtueel sal wees.

Wat die ledegeldverhoging betref, penningmeester Chris Joubert het die vergadering verseker dat hulle kostes (uitgawes in die begroting) so ver moontlik beperk het. Twee voorbeelde genoem, is dat dagkantoorlede in die volgende jaar persoonlik verantwoordelikheid neem vir hulle reiskostes vir SAWA sake en dat die volgende Nasionale Jaarvergadering virtueel gehou gaan word.

Rietvallei is deur die Viljoens en la Granges verteenwoordig (soos besluit op die AJV in Augustus). Magdaleen is webmeester van SAWA en het in hierdie hoedanigheid die vergadering bygewoon en moes, soos gebruiklik, verslag aan die vergadering doen. Wat Rietvallei betref, is daar gehoor, geluister, vrae gevra en vir 'n Nasionale Voorsitter gestem (soos per opdrag van die AJV, natuurlik).


*Die Webmeester*

Saterdagaand is die gebruiklike dinee gehou. Na die opening van die dinee, is daar hulde gebring aan SAWA lede wat ons deur die jaar ontval het. Rietvallei het drie lede onthou, by name Hilly Henze, Hennie Maas en Roekie Hill. By die uitlees van die name is 'n kers aangesteek deur 'n verteenwoordiger van die betrokke streek.

Magda Britz het 2 toekennings gekry: vir meeste webwerf bydraes en beste vordering van 'n nuusbrief.  Oom Neels en tannie Rina de Klerk het 'n Nasionale Meriete toekenning vir 25 jaar lidmaatskap verwerf.  Veels geluk!  Ons is trots op julle!





*Vir Magda Britz*

*Meeste Webbydraes en Beste Nuusbrief Vordering*



*Vir die De Klerks*

*25 Jaar Lidmaatskap*



*Verteenwoordigers by die Nasionale Vergadering*



*Besoekers aan die Nasionale Vergadering*

# 'n Veer uit my hoed

Dagsê!

Daar het julle dit toe. Magda had genoeg en toe ontstaan daar 'n vakature vir redakteur…

Op skool moes ons 'n keer of wat "musical chairs" in die skoolsaal speel. Al wat ek daarvan onthou is dat dit 'n verskriklike lawaai was soos die maters storm vir die stoele wat nie meer daar is nie. Snaaks, in onse Assosiasie werk dit anders om; die stoele word nie minder nie nee, dit is die spélers wat opraak en dan wil die spanne wat tot hier "gespeel" het nie juis omgehaal word om weer te speel nie. Maar, soos dit is, is daar weer 'n sitter op hierdie sitplek.

Daar is 'n spreekwoord wat sê: "Nuwe besems vee skoon". Maar, moet liewers nie glo nie. So 'n sê-ding impliseer dat die vorige besem nie meer goed genoeg was nie en dat 'n nuwe besem noodsaaklik is om dinge weer "deeglik" te doen.

Allermins. Nuwe besems vee bloot anders. Inteendeel, Magda se kreatiwiteit, kleurkeuses en uitleg vernuf sal ons nie gou weer sien nie. Vanwaar sy al die artikels vandaan gehaal het, weet ek ook nie aldag nie. Gaan kyk maar: Dis 'n storie van hier en 'n artikel van daar. Op die koop toe het sy twee trofeë vanjaar gewen. Een vir die meeste bydraes tot die webwerf en 'n ander vir die beste vordering van 'n nuusblad. Veels geluk, Magda!

Kan ons sommer met hierdie deur in die huis val? Stuur asseblief artikels, idees vir artikels en veral foto's aan soos julle dit raakloop? Wat nie direk gebruik kan word nie, kan aanleiding gee tot 'n artikel later of selfs 'n "idee" saadjie plant vir 'n artikel. Let maar op van die AJV foto's wat in hierdie Rietstok inglip..
Praat van foto's, Marietjie Klaasen het vanjaar 'n Streek Ere Hoërgraad meriete toekenning ontvang vir die foto's wat sy oor jare en maande geneem en verskaf het. Baie geluk én baie dankie Marietjie! Foto's is baie welkom. Meeste van ons selfone het kameras en dié is nogal "spiekeries". Eintlik kan dit baie meer doen as wat ons besef. Probeer gerus! - om elke hoek en draai. Gaan kyk maar na die foto's wat Wim en Margriet by San Cha Len geneem het. Sonder 'n elektroniese flits en drievoetgoeters kon mens die meeste film kameras maar gaan bêre "as die skemer daal".

Stuur asseblief julle foto's aan? (My e-posadres is op p.2) Jou foto is dalk nét die een waar almal se oë oop is of waar Tersia se glas water Gideon kolskoot tref (Almega, verbeel ek my?).

Ons het Sieg gevra om ietsie oor elektriese veiligheid in ons waens te skryf. Sieg se ervaring in opleiding is ooglopend; baie dankie Sieg!

Lawwe stories, interessante stories (en darem redelik oorspronlike stories) is welkom; so ook kookplanne (resepte in huishoudlike taal) ook, mits dit darem

beproef is en 'n beter as redelike kans tot sukses het. Die resep in hierdie uitgawe is reeds beproef en dit, deur die Rievalleiers wat onlangs by San Cha Len gekamp het. Baie dankie aan Hein wat bereid is om sy ondervinding en goedbewaarde "familie geheime" met ons te deel.

Hoop julle kry iets leesbaar hier rond en groete tot 'n volgende keer!

Johan

**Mayday! Mayday!**

'n Man van Johannesburg gaan hou vakansie in die Kaap met sy nuwe 4X4 en motorboot. Op pad terug gaan staan hy in die middel van die Karoo, ver van die naaste dorp af. Hy probeer die bakkie weer aan die gang kry, maar moderne enjins word mos nie sommer meer herstel as jy die enjin nie kan "reboot" nie. Daar is altyd een of ander sensortjie wat vervang moet word. Hy probeer hulp ontbied, maar sy selfoon kry nie sein nie Ander motoriste wil ook nie stop om te help nie. Niemand wil mos betrokke raak nie en omdat sy ryding en boot so duur is, verlekker die meeste jaloerse mense hulle seker ook nog in sy lot.

Toe val dit hom by dat die boot mos 'n radio het. Dalk kan hy iemand op die noodfrekwensie bereik. Hy klim in die boot, koppel die battery en kry die radio aan die gang. Na 'n paar minute se "Mayday! Mayday!" sonder reaksie, begin hy moedeloos raak maar net toe hy wil opgee, kom daar krakerig 'n stem oor die radio: "Please state your position."

Die man kyk na die boot se GPS en gee die koördinate. Daar is 'n lang stilte, toe kom die stem weer: "This is the Gordon's Bay NSRI. Please state your position again."
Weer gee hy die koördinate. Weer is daar 'n lang stilte. Toe slaan die stem in ongeloof oor na Afrikaans: "Wêreld! Jy moes die land darem met 'n vreeslike spoed geslaan om eers daar te stop!"

*Oorgeneem (natuurlik!)*

**Die verskil tussen kapitaal en rente**

'n Beleggingsadviseur stel sy vrou aan 'n kollega voor. Die vrou is maar onooglik en later sê die kollega: "Ek was nogal verras deur jou keuse van 'n vrou. Jy is tog 'n aantreklike man met 'n goeie pos by die maatskappy?"

"Ja, ek weet sy is allermins 'n "oil painting", maar "looks" is nie alles nie. Sy het skatryk geërf. Ons besit sewe verbandvrye eiendomme en het beleggings van 'n paar miljoen. Jy kan maar sê sy is my kapitaal."

Twee dae later loop die twee mekaar weer raak tydens 'n skemerkelkie, maar hierdie keer het die getroude man 'n beeldskone vrou aan sy sy. Die kollega wag tot hulle alleen by die kroegtoonbank is en vra waar die pragtige vrou dan inpas.

"Jy kan maar sê sy is my rente," sê die getroude man. "Jy weet mos 'n mens raak nie aan jou kapitaal nie!"

*Loslippig*

**'n Dubbelsinnige apologie**

Hierdie storie het ek by 'n lugdiens vlieënier gehoor. Die eerste offisier doen 'n harde landing en die kaptein beveel horn om by die uitgang te staan en die passasiers vir die ongemak om verskoning te vra soos hulle uitstap.
Terwyl die kaptein in die stuurkajuit bly sit, voer die eerste offisier sy opdrag getrou uit: "Die kaptein het my gevra om verskoning te maak vir die harde landing. Geniet u dag."

*Oorgeneem*

# Wat maak Oom Kallie daar?

**Óf, Wat vang die Seniors nou-weer aan?**

Óngelukkig het hierdie vraag, tot 'n groot mate, deesdae baie dieselfde antwoord as die vraag oor die dinge wat Rietvallei doen geword. Slegs enkele aktiewe Rietvalleiers is "gewone" lede en baie van hulle het net eenvoudig nie die geleentheid om saamtrekke by te woon nie.

So dan, wat hét die Seniors gedoen sedert die AJV? Benewens om te kamp en te kuier, vuur te maak en vleis te braai, het ons 'n seniorsaamtrek by San Cha Len gehou wat uitgeloop het op die September streeksaamtrek. 11 Waens het die saamtrek bygewoon en dit was ook al die waens vir die naweek. Jan, Gerda en Hein het die naweek kom saamkuier in 'n chalet.

Donderdagaand het ons wors gebraai en met brood, jêm en konfyt geëet, wat gehelp het om 'n lekkerkuieraand aan die gang te kry. Van Vrydag se "High Tea" met "High hoedens" op Vrydagoggend weet julle reeds. Gaan kyk gerus weer na die San Cha Len kampnuus.

Volgende is die saamkuiergeleentheid op 1 November, by Renaissance se saal (Hay Meadow singel 45) (10:00 vir 10:30).

Volgende jaar se saamtrekprogram bevat nou ook die senior kuiergeleenthede. Dus, wanneer jy die kampe en wat-nog op jou eie jaarbeplanner invoer, kan jy sommer die kuiergeleenthede ook inskryf. 'n Opsomming is ook op die agterblad van hierdie Rietstok beskikbaar.

Die eerste kuiergeleentheid volgende jaar, word beplan by die Botaniese tuine, as die weer daarna is. Elmarie en Frans sal ons op die hoogte hou.

Ongelukkig het Jan de Wagenaar in die hospitaal beland. Ons het gehoor dat die mediese ingryping suksesvol is en dat Jan tans aansterk. Spoedige beterskap, Jan! Hou moed Gerda.

Sarie Weber het ook in die hospitaal beland na 'n liederlike tuisongeluk, van die soort wat nagmerries van gemaak is. Ons het verneem dat sy dieselfde aand alreeds 'n operasie ondergaan het, maar dat daar (toe die artikel geskryf is) nog operasies voorgelê het. Ons wens jou volle herstel toe, Sarie. Mag jy moed hou en bly kans sien vir die herstelpad.


Van 'n herstelpad gepraat, dit was so lekker om Fanie en Alida Venter weer by 'n saamtrek te kon sien, Hartbeeshoek én San Cha Len. Alida, soos julle onthou, het tydens vakansie by die see geval met allerhande komplikasies. Die dokter het gesê die herstelpad sou omtrent 2 jaar lank wees en, dank Vader, Alida is weer op die been, na omtrent 2 jaar.

Sien julle Vrydag 1 November by Renaissance!

*ns Senior Direkteur (Senior Sake), E le Roux*

# Tema: Elektrisiteit en veiligheid in u woonwa.

Alvorens ons oorgaan tot die tema, moet ons eers bietjie agtergrond kry m.b.t. die begrip "elektrisiteit".




***Watervoorbeeld***

Daarvoor gaan ons na die voorbeeld kyk van hoe water vloei van een punt na 'n ander. Neem bv. 'n Jo Jo tenk (A), gevul met water, en gekoppel is aan 'n 100 meter lange pyp, d.m.v. 'n kraan, waarvan beide se deursnee 10 mm is. Die end van die pyp voer na 'n leë afvoerbak (B). Die kolom water in die tenk (A) oefen 'n bepaalde druk uit op die bodem van die tenk (A), wat nie dieselfde is as die druk op die bodem van die afvoerbak (B) nie. Die drukverskil sal veroorsaak dat sodra die kraan oopgemaak word, die water sal vloei van A na B. Die deursnee en lengte van die pyp bied weerstand teen die stroom (water molekules) en dus die volume water wat gaan vloei. Deur die kraan te verstel kan die volume dus beheer word. Die water sal aanhou vloei totdat die druk in A gelyk is aan B, of totdat die kraan (*skakelaar)* gesluit word.

'n Water molekule bestaan uit 2 waterstof atome en 1 suurstof atoom. Elke atoom bevat 'n kern, neutrone, protone en elektrone. By elektrisiteit bestaan atome ook in die geleier en/of die "bron" (battery, generator, of alternator). Elektrone in die buitebane van die meeste atome kan maklik uit hul bane gedwing word. 'n Elektron wat so vrygestel word, staan bekend as 'n vry elektron. Stroomvloei in 'n elektriese kring is letterlik die beweging van vry elektrone van die "bron", deur die geleier. Al die elektrone beweeg gelyktydig in dieselfde rigting en die elektriese stroom vloei altyd vanaf negatief na positief. Dus, "elektrisiteit is elektrone wat vloei". Die "kraan" in die geval is 'n skakelaar en stroom sal aanhou vloei totdat daar geen potensiaal veskil meer bestaan tussen die positiewe en negatiewe pole van die "bron" nie, of wanneer die skakelaar die verbinding verbreek. Die "druk" of EMK (eletro motoriese krag) van 'n elektriese bron word in Volts (V) uitgedruk en die stroom in Ampere (A).
*Nota: Vir hierdie verduideliking het ons nie ingegaan op die verskil tussen gelykstroom en wissel-stroom nie. (Die prinsiep bly dieselfde).*

***Woonwa bedrading***

Vir woonwaparke is die "bron" natuurlik ESKOM, wat etlike duisende volts genereer. Dit word stapsgewys afwaarts "ge-transformeer", totdat daar uiteindelik +/- 230 Volt aangelê word op die krag uitlaatpunt, waarby jy jou verlengingskoord inprop. Nou, vir die woonwa en jou eie veiligheid, moet daar op die volgende gelet word:

***1 a) Aardlekkasie beskerming***


Maak seker dat die woonwa d.m.v. 'n 3-draad verlengingskoord gekoppel word. Die 3-draad koord bevat; a) die "lewendige" (rooi), b) die "neutrale" (blou), en c) die "aarde" (geel/groen) drade. Die "aarde" draad is veral belangrik om enige foutiewe lekstrome af te lei na 'n 0 Volt punt. (Die aarde punt word by die inkomende verbruikerspunt aan neutraal gekoppel). Vir die doel is daar 'n Aardlekasie skakelaar/stroombreker (ELCB) in die woonwa se verdeelbord aangebring, asook by die oord se krag toevoer punt. Lekstrome word veroorsaak deur bv. swak isolasie in verbruikers apparate (ketels, stowe, ens), of wanneer 'n persoon per ongeluk aan 'n foutiewe oop/kaal draad raak. Die stroom deur die lewendige en en neutrale spoele van die ELCB laat die ELCB afslaan ("trip"), omrede die lekstroom 'n gedeelte van die stroom afgelei het na aarde, veroorsaak dit 'n onbalans tussen die 2 spoele. Dit is van uiterste belang vir jou




eie veiligheid. Die funksionering van die ELCB moet periodiek deur uself getoets word. Dit kan gedoen word deur die klein wit vierkantige knoppie op die ELCB te druk. Die skakelaar moet dan afslaan (trip). ‘n Meer volledige toets kan m.b.v. ‘n ELCB-toets toestelletjie uitgevoer word, om die afslaanwaarde (van tussen 15 tot 25 mA) te bevestig. Die toestelletjies is vryelik in die handel beskikbaar teen ‘n prys van ‘n paar honderd Rand.

***1 b) Bedrading van kragproppe***

Net so belangrik is dit dat alle 3-punt proppe op die korrekte metode bedraad moet word, naamlik;



Gesien vanaf die verbinding skroefie kant van die oop prop, moet die b**r**uin lewendige draad op die **r**egterkantste skroefpunt wees, die **b**lou op die **l**inkerkantste skroefpunt en natuurlik die aarde draad op die oorblywende (middel-voorste) skroefpunt. Dit is om te verseker dat die lewendige pool altyd op die “oop” kant van ‘n verbruikersartikel se skakelaar sal wees. Andersins sal bv. die element van ‘n metaal ketel “lewendig” wees, al is dit nie aangeskakel nie. Sou daar dan ‘n swak isolasie ontstaan in die ketel se binnewerk, sal die metaal bakwerk van die ketel “lewendig “ wees. Eina!

***1 c Woonwa grondverbinding***

Dit is ook gerade om periodiek die woonwa se Aarde-draad (gewoonlik wit) se hegtingspunt/e aan die raamwerk van die woonwa na te gaan vir moontlik swak (hoë weerstand) kontak. Lang staantye by die see, of om op nat paaie te ry, veroorsaak korrosie (roes) tussen die raam en hegtings skroewe. Dit is baie keer die oorsaak (rede) vir die tintelende gevoel wat ervaar word, wanneer jy in klammerige toestande aan die metaal deurkosyn raak. ‘n Stukke growwe skuurpapier doen gewoonlik die nodige.

***2 Stroombrekers op die verdeelbord***

Die res van die stroombrekers in die verdeelbord is vir die toevoer van krag na die 3-punt kragsokke (15Amp) en die ligte (10 Amp), maar eweneens ter beskerming van die bedrading teen oorstroom toestande. Hulle sal afslaan sodra hul drempel waardes oorskry word en sodoende verhoed dat die bedrading smelt en ‘n kortsluiting veroorsaak, wat ’n brand kan laat ontstaan.

Gewoonlik gebeur dit as daar te veel apparate (ketels, mikrogolf-oonde, lugversorgers, “hotplates”, ens.) wat vanaf dieselfde stroombreker-kring voer, gelyktydig aangeskakel is. Weereens is dit tot u eie veiligheid om nie sulke toestande te skep nie.

*Sieg Maritz*

*Advertensie*




NL

‘Waarom gaan de ooievaars in de herfst na de Zuiden?’ vraagst de juf aan de klas.
Antwoorde Jacqueline: ‘Omdat de Afrikanen ook kinderen wil hebben.’

‘Voorzichtig hoor,’zegt tante, ‘mijn parketvloer is spiegelglad.’
‘Wees maar niet bang tante,’ meen Frits, ‘ik heb spijkers onder mijn schoenen.’

# Bami Goreng

Hein en Gerda het Bami Goreng voorberei vir die Vrydagaand by San Cha Len
Hein vertel ons hoe:

Vir omtrent 4 porsies,
Haal spaghetti uit die pakkie, so vir 4 persone.
Breek die spaghetti in die lengte in 4 stukke
(oor die dwarste is die bietjie moeiliker).
Kook spaghetti op die gewone manier en hou byderhand.

Sny so 500g varkvleis filette in blokkies, omtrent so groot soos die eerste lit van jou pinkie.
Braai dit in 'n bietjie botter tot goudbruin.
Sny so 1½ uie fyn en gooi dit by die varkvleis en braai saam totdat die uie begin verkleur.
As dinge te droog lyk, gooi tot 'n koppie water by.

Kry jou pakkie *"Bami Goreng mix van groenten en kruiden"* byderhand en los dit op met so 100ml kookwater.
Gooi die "mix" by die vleis en uie en verlaag die temperatuur.

Kry vir jou 'n handvol preie (mens koop dit soms in 'n wit polistireen bakkie en dis omtrent genoeg) of meer, as jy vermoed dit kan dalk net lekkerder wees.
Ontsand die preie en sny die "ekstras" af.
Sny die preie in dun skyfes (ringetjies) en voeg by die vleis.
Hou maar aan met roer, so dat nie dalk té "skerp braai" nie.
Gaps vir jou so 4 mooi wortels daar uit die groente laai en rasper dit lekker grof.
Gooi die wortels by die vleismengsel en hou aan roer.

Gaan sny 'n mooi koolkop in die tuin (omtrent so 150 mm in deursnee)
(O, ek het vergeet jy het nie meer 'n tuin nie; vra jou portugese vriend vir een van sy mooi koolkoppe.)
Kerf die koolkop lekker fyn… nee, nog 'n bietjie fyner.
Voeg die kool by die vleismengsel en roer deurlopend.
Moet asseblief nie die kool "pap" kook nie. Wanneer alles gereed is, moet die kool nog bietjie bros wees ("crispy" asseblief Tannie).

Voeg die spaghetti van "byderhand" by en … roer maar steeds.
Wanneer al die bestanddele goed aan mekaar bekend is, kan jy maar opskep.


As bostaande net té erg is, sien p15 vir die tradisionele uitleg.

# Tjaart (en Kie) se sê-goed










## Tradisionele Bami Goreng

Bestanddele per pakkie kruie (3 – 4 porsies):

- Spaghetti (vir 4 porsies)
- 500g Varkvleis filette, in blokkies gesny
- 1½ medium groot uie, fyn gesny
- 1 pakkie preie afgewas, skoon gesny en in wieltjies opgesny
- 1 middelslag koolkop (100 – 150mm) fyn gekerf
- 4 Wortels grof gerasper
- 1 pakkie "Bami Goreng mix van groenten en kruiden" opgelos in so 100ml kookwater



*Die kruiemengsel is ook by SPAR Monumentpark beskikbaar.*

Gaarmaakmetode:

- Breek spaghetti lengtes in 4
- Kook spaghetti gewoonweg en hou byderhand
- Sny varkveis filette in blokkies van ongeveer 1cm
- Braai vleis in 'n bietjie botter tot goudbruin
- Braai die uie saam met die vleis totdat die uie verkleur
- Los die inhoud van die Bami Goreng pakkie op in 100ml kookwater
- Voeg die opgeloste Bami Goreng by die mengsel en verlaag die temperatuur
- Voeg preie by en roer voortdurend sagkens
- Voeg wortels by die mengsel en roer steeds
- Voeg die kool by en roer nog al die tyd
- Stowe, maar sorg dat die kool nog amper bros is
- Voeg spaghetti by
- Behou 'n matige hitte en roer om geure deur te meng
- Sit voor en geniet.

# Saamtrekke in 2025

| Streeksaamtrekke | |
|---|---|
| **Datum** | **Oord** |
| 17 tot 19 Januarie | Bass Lake |
| 21 tot 23 Februarie | Hartbeeshoek |
| 28 tot 30 Maart | Spookkamp |
| 16 tot 18 Mei | Almega |
| 15 tot 17 Augustus | Kokoriba |
| 12 tot 14 September | Weaver's Roost |
| 17 tot 19 Oktober | Sionsberg |
| 21 tot 23 November | San Cha Len |

*De*

"Warum macht die Sängerin auf die Bühne denn so ein saures Gesicht?"
"Sie hat nur zehn Blumensträuße bekommen."
"Das reicht doch."
"Sie hat aber fünfzehn bestellt und bezahlt!"

| Senior Saamtrekke | |
|---|---|
| **Datum** | **Oord** |
| 14 tot 16 Mei | Almega |
| 10 tot 12 September | Weaver's Roost |

| Senior Kuieroggende | |
|---|---|
| 8 April | Kuierplekke sal nader aan die datums bekend gemaak word |
| 27 Junie | |
| 31 Oktober | |

| Weesgerus<br>Gebied saamtrek | |
|---|---|
| **Datum** | **Beskrywing** |
| 2 - 4 Julie | Seniorsaamtrek |
| 4 - 6 Julie | Gebiedsaamtrek |





Skakel Dalena Marx vir Bioway goggagif, 30 mikron swartsakke en skoonmaakmiddels

**Bioway:**
1, 2 en 5 liters

**Swartsakke:**
50 of 100 sakke per pak

**Skoonmaakmiddels:**
Beskikbaar in 2l, 5 l en 25l